

6.2 REKTORSTOEKENNING VIR VOORTREFLIKE NAVORSING

Bestek: Die beleid bevat die US se reëls en regulasies tov die aanwending van die Rektor se toekenning vir voortreftlike navorsing.

Beleid:

Die ontvanger van die toekenning moet die kontantbedrag benut vir akademiese doeleindes wat met navorsing verband hou bv. Die aankoop van toerusting, die opbou van infrastruktuur of die bywoning/aflê van akademiese byeenkomste/besoeke, binne- of buitelands. In die reël kan die toekenning benut word soos bepaal deur die riglyne vir die Spesiale Ondersteuningskema vir Navorsing (SOS Fondse). Indien die ontvanger die toekenning wil aanwend vir ander akademiese doeleindes as die wat geld vir SOS-fondse, moet dit geskied met die goedkeuring van die betrokke departementele voorsitter met kennisgewing aan die dekaan. In die geval van die voorsitters self moet die dekaan goedkeuring verleen.

Die volgende verdere toeligting word verskaf:

Die bedrag word in 'n afsonderlike kostepunt onder die beheer van die toekenninghouer geplaas.

Die toekenninghouer kan die bedrag na eie oordeel aanwend, net soos in die geval van die toekenning vir voortreftlike onderrig, met dien verstande dat dit ooreenkomstig die aanwendingsmoontlikhede van die SOS-fondse geskied (sien onder). Die toekenninghouer hoef nie toestemming van die departementele voorsitter/dissipline hoof/uitvoerende hoof of die dekaan in die geval van die voorsitter te verkry, vir die aanwending van die toekenning nie, met die uitsondering van die aanwending van reise (reiskoste en die daarmee gepaardgaande verblyf- en ander kostes).

Die enigste kontrole oor die aanwending van die fondse is dus by die Afdeling Finansies, wat moet kontroleer dat dit wel vir die doel soos hierbo aangewend word.

Indien die bedrag buite die aanwendingskategorieë van die SOS-fondse aangewend wil word bv. Vir 'n reis wat nie spesifiek met navorsing te make het nie, of vir onderrigontwikkeling, moet die versoek via die kantoor van die Senior Direkteur: Navorsing gaan, wat moet besluit of die aanwending in lyn is met die bedoeling van die toekenning. Indien nodig moet die saak verder opgeneem word met die Viserektor Navorsing.

Soos ook in die gevalle van reise, moet aansoek om aanwending van die fondse vir reise wel die goedkeuring van die dekaan hê.

Die toekenning mag nie aan die individu uitbetaal word as 'n soort ekstra vergoeding of beloning vir navorsing nie (selfs al is dit die bedoeling dat 'n deel as belasting afgetrek word).

Die betrokke bedrag word normaalweg binne twee jaar na die toekenning benut.

Die toegekende fondse mag aangewend word vir die volgende doeleindes:

- Tydelike navorsingsassistensie.
- Bykomende publikasiekoste (bladsygeld en herdrukke)
- Lopende uitgawes vir navorsing (ook vir projekte van nagraadse studente)
- Aankoop van spesiale boeke of geskrewe elektroniese bronne vir die sentrale biblioteek of tak- (fakulteits-, departementele) biblioteke
- Aankoop van rekenaars en materiaal benodig vir navorsing.
- Aankoop van navorsingsapparaat.

- Reis- en verblyfkoste (of aanvulling daarvan), onderhewig aan die Universiteit se heersende ondersteuningsnorme, vir goedgekeurde binnelandse en buitelandse reise in verband met navorsing, vir die bywoning van binnelandse en buitelandse vakkongresse, simposia, werksinkels, besoeke aan ander laboratoria, navorsingsbesoek aan vakgenote, veldwerk, ensovoorts.
- Lidmaatskapsgelde van verenigings vir wetenskaplike vakspesialiste wat navorsing bevorder of stimuleer, deur byvoorbeeld gereeld wetenskaplike kongresse aan te bied.
- Navorsingsgenote
- Navorsingsaktiwiteite van afgetrede personeel (in alle gevalle in oorleg met die departementele voorsitter/dissipline hoof/uitvoerende hoof en die dekaan van die betrokke fakulteit).
- Beurse vir nagraadse studie en na-doktorale genootskappe (in ooreenstemming met die reëls en prosedures wat geld vir beurse uit instituutfondse of departementele buitefondse).

Kontak afdeling:
Finansiële Dienste